Publication: Beeld - Sake
Title: Eskom kan nie alleen SA se krag verskaf - Radebe
AVE: 33854.39
Page: 14
Publish Date: 15 May 2019
Author: Francois Williams

Eskom kan nie alleen SA se krag verskaf – Radebe

Francois Williams

Eskom kan nie alleen vir Suid-Afrika se kragvraag sorg nie, het Jeff Radebe, minister van energie, gister beklemtoon.

"Ons kan nie al ons energie-eiers in een mandjie sit nie," het hy by die opening van die Africa Utility Week-konferensie in Kaapstad gesê.

Aansienlike nuwe kragopwekkingsvermoë sal van 2030 af bygevoeg moet word, maar dit val saam met 'n balansstaat by Eskom wat onder groot druk is, het hy gewaarsku.

Die regering besef slimkragnetwerke, gedesentraliseerde kragnetwerke en ander nuwe tegnologie ontwrig die tradisionele energiebedryf.

Suid-Afrikaanse huishoudings het al soveel as 150 MW se sonpanele op hul huise se dakke geïnstalleer.

Radebe sê die regering werk saam met die Nasionale Energieregulateur aan die nodige wetgewing en regulasies wat dit makliker sal maak vir mense om hul eie krag só op te wek.

Die sakemodel vir munisipale kraglewering is egter onder intense druk en onvoldoende. As dié probleem nie aangepak word nie, sal ál meer munisipaliteite nie hul Eskom-rekeninge kan betaal nie.

Radebe het belowe dat die nuwe geïntegreerde hulpbronplan – die regering se bloudruk vir kraglewering tot 2050 – baie binnekort bekend gemaak sal word. Die Nasionale Ekonomiese en Arbeidsraad (Nedlac) werk nog daaraan.

Steenkool

Te midde van Suid-Afrika se verpligtinge om kweekhuisgasvrystellings te verlaag, het die land relatief lae plaaslike steenkoolpryse en oorvloedige steenkoolreserwes.

Die regering moet dus 'n regverdige oorgang bestuur sodat dié wat deur die skuif na 'n skoner energietoekoms geraak word nie benadeel word nie.

Skoon steenkooltegnologie soos ondergrondse steenkoolvergassing, koolstofopberging en steenkool-tot-brandstofprosesse is belangrik om steeds voordeel te trek uit die land se steenkoolreserwes, want dit kan nie bloot "gesteriliseer" word nie, het Radebe gesê.

Teen 2050 sal sowat 50% van alle elektrisiteit uit hernubare bronne opgewek word, volgens Bloomberg New Energy Finance, so die energiebedryf is vinnig besig om te verander, het Phakamani Hadebe, uitvoerende hoof van Eskom, in sy spreekbeurt op die konferensie gesê.

Teen 2040 sal steenkool se bydrae tot Suid-Afrika se elektrisiteitsbedryf tot sowat 40% afneem, voorspel Hadebe.

Daar is elke jaar ál minder beleggers wat bereid is om in fossielbrandstofprojekte te belê.

Die internasionale multilaterale finansieringsorganisasies is toenemend ook nie meer bereid om steenkoolkrag te finansier nie, het Hadebe gister gewaarsku.

"Dit beteken 'n nuwe ingesteldheid is nodig," het hy gesê.

Maar Afrika het nie so vinnig soos die res van die wêreld in die rigting van hernubare energie nie beweeg nie.

Kragpoel

Hadebe wys op die werkinge van die Suider-Afrikaanse Kragpoel as voorbeeld van hoe lande kan saamwerk om die energie-uitdagings aan te pak. 'n Verslag oor die kragpoel wys dat die koste van kraglewering deur die samewerking tussen die buurlande verlaag kon word. Ál meer onafhanklike kragprodusente lewer ook krag in die poel wat tot voordeel van almal oor die landsgrense heen versprei word.

Die bydrae van Cahora Bassa in Mosambiek aan Suid-Afrika vroeër vanjaar het volgens Hadebe gehelp om beurtkrag se impak te versag, maar die sikloon Idai het op sy beurt dié bydrae afgesny. Was dit nie vir dié bydrae (sowat 1 400 MW) en van onafhanklike kragprodusente (sowat 3 770 MW) nie, sou Suid-Afrika se kragkrisis baie erger gewees het, het Hadebe gesê.

Water

Hy het egter gewaarsku dat Eskom 2% van Suid-Afrika se varswater gebruik. Dit is baie en Eskom het 'n plan om dit deur byvoorbeeld droëverkoelingstegnologie te verminder. Tans gebruik van die kragstasies 2 liter water per kilowatuur vir verkoeling, wat tot 0,1 liter verminder kan word as droë verkoeling geïnstalleer word.

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.